# HOOFSTUK . 11 .

## M A F E K I N G .

Die Boeremagte op die wesgrens het tot die aanval oorgegaan. Cronje se eerste doelwit was die verowering van Mafeking. Hy het onmiddellik handelend opgetree. Die hoofmag het opdrag gekry om die grens oor te steek en direk op Mafeking af te stuur.[1] Laat die nag het die kommando's oor die grens gegaan. Sterk afdelings van die Rustenburg- en Marico-burgers het vinnig vooruitgery en die spoorlyn 9 myl noord van Mafeking opgebreek. Die ou kamp te Ramathlabama is deur hulle verwoes.[2]

Cronje het Veggeneraal De la Rey beveel om met kommandant Vermaas en Veldkornet Cronje weswaarts voort te ruk na Kraaipanstasie om 'n aantal Engelse daar aan te val en die treinspoor te breek.[3] Kaptein van der Merwe moes met 'n afdeling artillerie en vier kanonne De la Rey se perdekommando volg.[4] Voordat hy die vyand tussen Mafeking en Vryburg[5] aanval, moes hierdie afdeling met De la Rey verenig.

Die sending van De la Rey was 'n vooraf uitgewerkte plan van Cronje om die hoofdorpe van die westergrens, nl. Mafeking en Kimberley, vroegtydig van mekaar te skei sodat hulle apart aangeval en tot oorgawe gedwing kon word. Die doel kon alleen bereik word as De la Rey haastig met sy perdekommando kon aanruk, met spoed die treinspore opbreek

en/......

---

1). K.G.332: 13/10/99. Nr.6.( Telegram van genl. Cronje aan kommandant-genl. Joubert vervat in die telegram van Staats-sekret. Afd.A. aan komdt.-genl. Joubert.)

2). Leyds-Archief 709(I):13/10/99.(Telegrafis,Hooflaer, Bultfontein aan H.T.D.,Pretoria); L.S. Amery: The Times History..., blse 267 tot 268.

3). K.G.333:15/10/99.Nr.22.( Telegram van genl.Cronje aan kommandant-generaal Joubert).

4). D.V.S., 26 Okt.1899; Schowalter: Im Kampf um Süd-Afrika, bls. 15. Hierdie kommando het uit 800 [illegible] bestaan. 200 manskappe uit elkeen van die volgende veldkornetskappe is saamgevoeg: Lichtenburg, Bo-Schoonspruit, Onder-Schoonspruit en Gatsrand.

5). Schowalter, bls.15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en telegraafdrade tussen die twee plekke knip. Hierna moes hy met die klompie Engelse te Kraaipanstasie afreken.[6]

De la Rey het die grens 25 myl suid van Mafeking oorgesteek, die hele nag deurgery en die volgende môre by Maritsanie aangekom.[7] Die polisiestasie was reeds verlaat. Nadat hulle die dorstige perde hier laat drink het, het die kommando na Kraaipanstasie aangery. Om 3 uur die middag het hulle daar aangekom. Die klompie Engelse en polisie, wat hierdie plekkie bewaak het, het die vorige aand na Mafeking gevlug.[8]

'n Halfmyl aan beide kante van die stasie het die burgers die treinspoor opgebreek, die telegraafdrade geknip waardeur Mafeking van die suide afgesny was.[9] Die kommando het die nag hier geslaap en gewag om kaptein van der Merwe te ontmoet en om verdere gebeurlikhede van die kant van Mafeking af te wag.[10]

Mafeking is vroegtydig in 'n staat van verdediging gebring. In die kort tydjie wat Baden-Powell, die Britse bevelhebber, tot sy beskikking gehad het, het hy loopgrawe/........

---

6). J.Oosthuizen: Die eerste slag van die Tweede Vryheidsoorlog - Kraaipan. Gepubliseer in Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 2, Mei 1942, bls. 70.

7). L.S.Amery's The Times History..., vol.II, bls.268.

8). D.V.S., 26 Oktober 1899; Schowalter, bls. I5 ; Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, bls.7I ; M.Davitt: The Boer Fight for Freedom, bls.94.

9). K.G.332 : I3/IO/99. ( Telegram van genl. Cronje aan Regering te Pretoria, bevattende die rapport van genl. De la Rey).

IO). D.V.S., 26 Oktober 1899; Die Huisgenoot, 6 November 1936; Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, blse. 7I en 72.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grawe ,skanse en ander verdedigingswerke gemaak. Sommige loopgrawe was soos onderaardse kamers ingerig. In hierdie kamers het die ingesetenes gedurende die beleg die Boere-aanvalle trotseer.[11)]

Baden-Powell se mag[12)] was klein en daarom was hy begerig om twee kanonne, beter bekend as " seweponders", wat vanaf Kaapstad hom toegestuur sou word, te ontvang voordat Cronje se magte hom omsingel het. Op die môre van 12 Oktober het die kanonne in Kimberley aangekom. Kekewich, opperbevelhebber te Kimberley, het telefonies met Baden-Powell afgespreek om na aankoms van die veldstukke dit tot by Vryburg te stuur waarvandaan dit verder deur 'n gepantserde trein uit Mafeking, vervoer sou word. Ooreenkomstig hierdie afspraak is die kanonne dadelik per gepantserde trein na Vryburg vervoer. Aan die trein is ook 'n gepantserde lokomotief gekoppel. Hierdie lokomotief, met die wa en kanonne daarop, moes by Vryburg aan die bevelvoerende offisier van Mafeking afgelewer word. Die gepantserde trein moes daarna na Kimberley terugkeer terwyl die afgelewerde vrag aan die versorging van die offisier uit Mafeking toevertrou moes word.[13)]

Baden-Powell het 'n gepantserde wa, die " Mosquito" genoem, wat in die geheim in die werkswinkels van Mafeking vervaardig is, met 13 man onder kaptein Nesbitt se bevel na Vryburg afgestuur om die kanonne in te haal.[14)] Die gepantserde/.......

---

11). P.S. Lombard: Uit die Dagboek van 'n Wilde Boer, bls. 19; L.S. Amery: The Times History.., Vol. II , bls. 265.
12). Lord Baden-Powell: Adventures and Accidents, bls. 48. Die mag het bestaan uit: 1000 man, 600 blanke vrouens en kinders en 7,000 naturelle. Dr. van Everdingen: De Oorlog in Suid-Afrika, bls. 44 en L.S. Amery, bls. 266 gee die getalle ook rondom 1,000 manskappe.
13). Luit. O'Meara: Kekewich in Kimberley, bls. 30; Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 2, bls. 73.
14). L.S. Amery, Vol. II , bls. 267.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepantserde trein moes ook 'n spesiale passasierstrein met vlugtelinge tot by Vryburg begelei. Op die aand van II Oktober is hierdie trein aan die spoorwegoutoriteite oorhandig om verder suid gestuur te word.[15)]

Die Kimberleytrein was 24 uur laat en het eers die volgende aand gearriveer. Nesbitt het die terugtog gou gereël. Die wa, met die twee bergkanonne daarop, is agter aan die "Mosquito" gehak terwyl die gepantserde lokomotief 'n end voor die trein geplaas is.[16)] Nesbitt het berig ontvang dat die Boere die verbindingslinies uit orde gestel het en êrens in die nabyheid van die treinspoor was. Hy was haastig en om 6-uur die aand is die terugtog begin. Om II-uur het die trein te Maribogo[17)] aangekom. Hier het sersant Matthews van die Kaapse polisie Nesbitt meegedeel dat die Boeremag onder De la Rey by Kraaipanstasie gekampeer was. Nesbitt wou die nag nie hier oorbly nie en ook nie na Vryburg terugkeer nie en het gevolglik na Mafeking vertrek. Die masjinis van die gepantserde lokomotief is beveel om op 'n afstand van 50 tree versigtig voor die gelaaide trein te hou. As hy onraad merk, moes hy die agterste trein betyds verwittig.[18)]

Kort na elfuur die aand het die gepantserde lokomotief ten suide van Kraaipanstasie van die spoor geloop. Die "Mosquito" is vroegtydig gewaarsku en tot stilstand gebring. Geen teken van die Boere was te bespeur nie. Nesbitt het gerus gevoel en bevel gegee om die lokomotief weer/.........

---

I5). Historiese Studies. Jaargang 3 Nr.2, bls. 74.
I6). Lady Sarah Wilson : South African Memories, bls. II7.
I7). Halt suid van Kraaipanstasie.
I8). Historiese Studies. Ibid. Blse. 74 en 75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer op die spoor te plaas.[19] Die Engelse was vir meer as 'n halfuur besig en nog niks is van die Boere opgemerk nie. Hulle was intussen besig om posisie teen die Engelse in te neem. Veldkornet I.Claasen het regs van die trein agter 'n paar randjies posgevat, terwyl veldkornette J.C. Coetzee en Cronje links van die trein in 'n diep sloot skuiling gesoek het.[20] 'n Paar minute voor middernag het veldkornet Coetzee en sy manskappe die eerste skote op die Engelse gevuur. Die eerste skote in die Tweede Vryheidsoorlog het geval.[21]

Die Engelse het die vuur dadelik beantwoord, maar sonder enige uitwerking, omdat die Boere deeglik verskans was. Kaptein van der Merwe is direk hierna deur De la Rey ontbied.[22] Die geveg is met tussenposes tot dagbreek onderhou. Voor sonsopgang het kaptein van der Merwe twee kanonne op 'n afstand van 2,000 tree opgestel en die eerste skote op die vyand afgevuur.[23] Teen die kanonvuur was die Engelse nie bestand nie. Nesbitt het gou die witvlag gehys. De la Rey het sy eerste oorwinning behaal. Aan die kant van die Engelse was twee offisiere, vyf manskappe en vier kaffers gewond.[24] Die Boere het geen verliese gely nie.

Na die geveg het De la Rey 'n rapport hiervan aan Cronje gestuur. Assistent-Veldkornet J.Visser is met 200 Lichtenburgers agtergelaat om verder verwikkelings af te

wag/........

---

I9). K.G.332:I3/I0/99. ( Rapport van genl. De la Rey aan genl.Cronje).
20). D.V.S., 26 Oktober I899.
2I). K.G.332: I3/I0/99. ( Ibid.)
22). Herinneringsaantekeninge van genl.De la Rey, bls. 4.
23). K.G.332: I3/I0/99. ( Ibid.)
24). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wag, terwyl die gewondes, krygsgevangenes en buit per wa na Cronje se laer vervoer is.[25] De la Rey het van Kraaipan na Mafeking gegaan om by Cronje aan te sluit. Sover as wat sy kommando getrek het, het hulle die treinspoor opgebreek. Nadat Cronje De la Rey se rapport oor die geveg ontvang het, het hy sy laer van Polfontein na Rietfontein, naby Mafeking, verskuif. Hier het die waens met die gewondes, krygsgevangenes en buit op I5 Oktober by hom aangekom.[26]

Voor die aankoms van die waens het Cronje die Kommandant-Generaal telegrafies verslag gestuur. De la Rey was begerig om bevele van die regering te ontvang hoe om met krygsgevangenes te maak. In sy rapport het hy voorgestel dat hulle 'n eed moes aflê om nie weer teen die burgers van die Republiek te veg nie. As hulle hiertoe gewillig is, moes hulle vrygelaat en oor die grens gesit word. Die Uitvoerende Raad het hierdie voorstel afgekeur en Cronje beveel om die krygsgevangenes na Pretoria te stuur.[27]

Van verskillende kante het die Boerekommando's nou Mafeking begin insluit. Op I3 Oktober is 'n hewige slag ten noorde van Mafeking deur Cronje gelewer, waar een burger gesneuwel het en ses gewond is. Die Engelse het swaar verliese gely.[28]

Mafeking/.......

---

25). Historiese Studies. Jaargang 3 Nr. 2, bls. 79.

26). Leyds-Archief: 709(I): I6/I0/99. (Telegram van telegrafis, Bultfontein, aan H.T.D.Pretoria).

27). K.G.332: I4/I0/99. (Telegram van die kommandant-generaal aan genl.Cronje re vervoer van krygsgevangenes).

28). K.G.333(2): I8/I0/99. (Telegram van genl.Cronje aan die kommandant-generaal).
L.S.Amery, bls. 268.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mafeking kon weens die sterk verdedigingswerke nie stormenderhand ingeneem word nie. Cronje het dit gou besef en daarom het hy op 16 Oktober besluit om die dorp te bombardeer. Die volgende dag het hy die regering getelegrafeer om hom twee groot bergkanonne te stuur om uitvoering aan hierdie besluit te gee.29)

Mafeking moes so gou as moontlik ingeneem word, daarna Vryburg en Kuruman, sodat die vernaamste dorpies op die wesgrens in Boerehande kon wees. Cronje se bevel was om dan na Kimberley te beweeg sodat die Engelse opmars uit die Kaapkolononie gestuit kon word. Uit hierdie oogpunt beskou, was die verowering van Mafeking en die ander dorpies op die wesgrens vir die Suid-Afrikaansche Republiek van groot belang. Die verowering van Mafeking sou die deur na Rhodesië vir die Boere oopmaak en dit sou die Engelse van Rhodesië belet om aan die oorlog deel te neem. Die simpatie van Afrikaansgesindes in die Kaapkolonie sou hulle kant vir die Republieke laat kies het en dan kon die Engelse troepemagte in die Kaapkolonie gestuit word.30)

Op 17 Oktober stel die Staatsekretaris Cronje in kennis dat die regering van plan is om die Kaapkolonie binne te val. Sodra die Boeremagte die Kolonie sou inval ,sou die Afrikaners in die noorde by hulle aansluit. Die burgers van die Oranje-Vrystaat is nie sterk genoeg om die inval te waag/......

---

29). Leyds-Archief: 709(I): 16/10/99. (Telegram van die telegrafis,Bultfontein, aan H.T.D.)
Leyds-Archief:709(2); 17/10/99.( Telegram van genl. Cronje aan die Staatsekretaris).

30). Lord Baden-Powell: Adventures and Accidents, blse. 48 en 49.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waag nie. Cronje word opgedra om dadelik hulp na Kimberley te stuur om hierdie plan uit te voer. Die regering wou weet hoeveel manskappe hy vir hierdie doel kon stuur sonder om sy geledere te verswak.[31)]

Hy het volgens krygsraadsbesluit aan die regering meegedeel dat De la Rey met 2,500 burgers van Lichtenburg, Wolmaransstad en Bloemhof met een meksim en een kruppkanon na Kimberley gestuur is. Die kommando's moes na Vryburg trek en vandaar na Veertienstrome om so gou as moontlik by Hoofkommandant Wessels van die Vrystaat aan te sluit. Om sake te bespoedig, is De la Rey met 'n uitsoek kommando van 400 perderuiters vooruit na Vryburg gestuur.[32)]

Generaal Cronje, sowel as die regering, het te Mafeking 'n heeltemal verkeerde taktiek aan die dag gelê. In die eerste instansie is die betekenis van die niksbeduidende dorpie oorskat.[33)] Tussen 6,000 en 7,000 burgers is vir die beleg aangehou, terwyl groot Engelse magte van die kusstede na die grense van die Republieke aangevoer is.

Cronje was uiters versigtig in sy aanvalle. Hy wou die inname nie deur bestorming laat plaasvind nie, want daardeur sou sy manskappe oor die kaal veld te erg aan die vyandelike koeëls blootgestel word. Hy het dus 'n afwagtende houding/.....

---

31). S.672/99 in S.S. Afd.A. 17/10/99; Leyds-Archief: 709 (1): 17/10/99. (Telegram van Staatssekr. aan genl. Cronje)

32). K.G.333 (1): 17/10/99. (Telegram van genl. Cronje, Lichtenburg, aan kommandant-genl; Leyds-Archief: 709 (1): 17/10/99. (Telegram van Staats. aan Cronje); K.G.333(2): 18/10/99 (Telegram van genl Cronje aan die regering).

33). Lord Baden-Powell: "Adventures and Accidents", bls.48. L.S.Amery: "The Times", bls.133, vol.11. Die mag was 1,000 man.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afwagtende houding ingeneem en vertrou dat hy met die groot kanon, wat van Pretoria bestel is, die verlangde uitwerking sou verkry.[34]

Toe die regering hom bevoel het om De la Rey met soveel manskappe as hy kon mis, na Kimberley te stuur, het hy 'n gulde geleentheid laat verbygaan om te toon dat hy 'n krygsman met 'n versiende blik is. Op daardie stadium moes hy ingesien het dat die beleg van Mafeking 'n kosbare tydverspilling was en daarom moes hy nie net 2,500 man saam met De la Rey gestuur het nie, maar minstens 4,500, want dan sou hy nog ongeveer 2,000 manskappe onder hom gehad het om die beleg suksesvol deur te voer. Dit sou beter gewees het as hy die regering toe reeds versoek het om die beleg aan Genl. Snyman oor te laat en die noodsaaklikheid van sy vertrek na Kimberley verduidelik het. Hierdeur sou hy 'n maand van byna nuttelose beleg gespaar het en baie manskappe effektief in gevegte teen die vyand buite die grense van die Republiek gelei het. Die Afrikaansgesinde bevolking van die noordelike Kaapkolonie sou dan by die Republikeinse magte aangesluit het om sake 'n ander wending te gee. Maar hiervoor het Cronje nie inisiatief en krygsmanstaktiek besit nie. Hy het hardnekkig aan die ou Boerekrygstaktiek vasgehou. Die vyand was vasgekeer en moes gedwing word om oor te gee, By Mafeking kon dit alleen deur beleg suksesvol deurgevoer word. Cronje wou self sy taak ten uitvoer bring

voordat.....

34). Leyds-Archief: 709(2): 21/10/99. (Tel. van genl. Cronje Lichtenburg, aan Staatssekr.)
Francois D. Conradie: Met Cronje aan die Wesfront. bls. 24. Hierdie niksbeduidende werkie is na 1937 geskryf toe die skrywer van Argentinië teruggekeer het. Dit is op persoonlike herinneringe en 'n paar populêre boekgegewens gebaseer. Hy skryf oor Cronje se mislukte veldheerskap en sy roemlose uiteinde op 'n baie bevooroordeelde manier

35). Die Boeretaktiek het bestaan in die beleg van dorpe en sterkpunte. Hulle het die vyand nie in oop gevegte aangeval nie, maar eers posisie ingeneem en die vyand afgewag. Vgl. Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria gedurende 1880 en 1881. Vgl. verder die kommando's op die Natalse grens gedurende dieselfde tyd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voordat hy na 'n ander gevegsfront sou vertrek.[35)]

Na De la Rey se vertrek het Cronje met die beleg van Mafeking aangegaan. Die Engelse is op verskillende plekke aangeval en baie krygsgevangenes is na Pretoria gestuur. Die regering het nie geweet wat om met hulle aan te vang nie. Cronje het 'n plan aan die hand gegee. Die krygsgevangenes moes na Johannesburg gestuur word. Bedags kon hulle in die goudmyne werk en snags in kampongs geplaas word waar hulle deur die Johannesburgse polisie bewaak kon word. Die generaal se minagting vir sy Engelse teenstanders kom hier uit.[36)] Die regering het hierdie voorstel nie aanvaar nie.

Op die môre van 23 Oktober het Cronje volgens gewoonte met sy verkyker die wêreld rondom Mafeking in oënskou geneem. Noord van die dorp het hy 'n groot massa perderuiters gewaar en oos van die dorp waar kanonkoppie sigbaar was, het hy sy burgers met twee kanonne opgemerk. Die kanonvuur was hewig en die vestings van die Engelse is erg beskadig. Dieselfde aand het die groot kanon "Long Tom" te Mafeking aangekom. Die kanon kon nog nie opgestel word nie, omdat die plek daarvoor en die verdedigingsskanse rondom deur aanhoudende reën nie klaar kon kom nie.[37)]

De la Rey het vanaf Veertienstrome versterking gevra. Op 24 Oktober het Cronje vir Veldkornet J.A. Visser, wat by Schweizer Reyneke vertoef het, aangesê om 'n waarnemende veldkornet in sy plek te Vryburg agter te laat en dadelik met 200 man/....

---

36). K.G.333(4): 22/10/99. (Telegram van H.T.D. aan kommandant-genl. Heroorgestuur en om 2.30 n.m. deur telegrafis Rietfontein ontvang).

37). K.G.333(5): 23/10/99. (Telegram van Cronje aan die reg.) Ook te vind by Leyds-Archief: 709(4):23/10/99.(Telegram Cronje aan die reg.)

38). K.G.333(6): 24/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan veldkornet J.A. Visser). Leyds-Archief: 709(4). 24/10/99. Ibid.

man na De la Rey toe te vertrek.[38].

Op 25 Oktober is Mafeking byna dwarsdeur die dag met die groot kanon bestook. Etlike van die klein fortjies is vernietig. Die hele spoorlyn tot by Mafeking is opgebreek. Dit het gelyk asof Cronje se taak binnekort volbring sou wees. Om agtuur die môre van 25 Okt. was al die offisiere dan ook bymekaar en is besluit om die dorp van alkante te bestorm. Cronje wou hierdeur probeer uitvind waar presies die sterkte van die vyand is. Om elfuur die môre is die dorp van alle kante tot op 'n afstand van 1,500 tree aangeval. Rondom die Engelse se stellings was die terrein kaal en gelyk. Die meeste van die burgers het te voet gegaan omdat hulle hulle perde nie aan die vyandelike koeëls wou blootstel nie. Die Engelse het 'n teenaanval deurgevoer. Terwyl die burgers hulle kleingeweervuur goed onderhou het, het Cronje die grofgeskut in aksie gebring. Alhoewel hierdie aanval misluk het, het Cronje met die vaste oortuiging dat hy die dorp die volgende dag stormenderhand sou inneem, na sy stellings teruggekeer. Hy het nou ook tot die besef gekom dat die tyd kosbaar is en dat daar nie langer vertoef moes word nie.[39]

Op 25 Oktober was De la Rey in die omtrek van Veertienstrome. Kommandant De Beer het hom met 1,000 man te Warrenton bevind.[40] Cronje het dieselfde dag vir De la Rey beveel om by Warrenton met die opbreek van die treinspore te begin. Hy moes die brug oor die Vaalrivier vernietig en/.....

---

39). K.G.333(7): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspresident).
Leyds-Archief: 709(4): 25/10/99. Ibid.
Vgl.ook: L.S. Amery: "The Times History.", bls. 269. Vol.111

40). Leyds-Archief: 709(4): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en spoorlyne opbreek sodat gepantserde treine nie kwaad kon doen nie. Hy moes sy laer nie naby die spoorweg trek nie en ook nie meer as 1,000 man in een laer vestig nie, sodat hy sterk genoeg kon wees om die vyand terug te slaan indien hy aangeval word.[41)]

Cronje het baie gesukkel om sy offisiere se samewerking te verkry, nie omdat hy nie deur hulle gerespekteer is of omdat hulle hom nie as 'n bevoegde opperbevelhebber beskou het nie, maar omdat dissipline onder die Boeregeledere oor die algemeen baie swak was en omdat elke aanvoerder sy eie sin wou deurvoer. Hierdie gebrek aan dissipline en gehoorsaamheid aan superieure bevelvoerders het deurgaans onder al die kommando's voorgekom en dit het stremmend gewerk. Cronje het veldkornet Visser beveel om 200 manskappe te Vryburg agter te laat, maar hy het terug getelegrafeer dat sy krygsraad besluit het om 140 man daar te laat sodat hy met die res na De la Rey kon gaan. Aan die ander kant het hy twee rapporte van De la Rey ontvang om waaksaam te wees teen Britse troepe wat oor Kuruman in die rigting van Vryburg getrek het. Hy het spioene uitgestuur en sou verslag doen sodra hulle terug was.[42)]

Voordat Cronje verdere instruksies aan Visser kon telegrafeer, het hy 'n rapport van De la Rey ontvang waarin hy meegedeel het dat hy ses uur te perd van Veertienstrome is. Indien Visser Vryburg verlaat, sou daar drie lokomotiewe en waens agterbly. In die distrik is baie Engelsgesinde/...

---

41). K.G.333(7): 25/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan De la Rey);
Sien ook: Leyds-Archief:709(4): Ibid.
42). Leyds-Archief:709(5):26/10/99. (Telegram van veldkornet Visser Vryburg aan genl. Cronje te Rietfontein).
K.G.333(8): 26/10/99. (Ibid).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sinde persone wat die spoorlyn miskien kon herstel. Hy stel voor dat die vrederegter van Schweizer Reyneke met die grenspolisie wat tog niks doen nie, tydelik na Vryburg sou gaan om die orde te handhaaf. Teen Cronje se bevel in skyn dit vir hom onmoontlik om sy laer so naby Kimberley te trek, want dan sou hy binne bereik van die vyand se grofgeskut wees. Dis vir hom onmoontlik om homself met die kanon te verdedig. Hy sou self eers met sy perdekommando ondersoek instel.43)

Cronje het gewysigde bevele aan Visser gestuur. Hy moes uit Vryburg trek sodat hy hom op die oop veld kon verdedig indien 'n vyandelike troepemag op hom sou afkom. As die mag vir hom te sterk is moes hy hulle laat verbytrek maar vir Cronje onmiddellik in kennis stel. Hy moes die treinspoor in sy rigting sover as moontlik opbreek.44) Daardeur sou die opmars van die vyand vertraag word sodat Cronje gereed sou wees om hulle terug te slaan.

Visser het Cronje berig toegestuur dat sy spioene gerapporteer het dat al die Engelse uit Kuruman gevlug het. Hy het 200 man te Kuruman geplaas, want die verwagting is dat 'n Britse troepemag daarheen sou kom om die dorpie te ontset. Dit was wenslik dat sy kommando te Vryburg bly om 'n wakende oog te hou oor vyandiggesinde naturelle wat deur die Engelse tot oproer aangehits word.45) Hierin het hy gelyk gehad.

Intussen was die nouer insluiting van Mafeking nog steeds......

---

43). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van De la Rey aan genl. Cronje).
Leyds-Archief:709(5): 27/10/99. (Telegram van genl. De la Rey naby Taungs aan genl. Cronje te Lichtenburg).

44). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan veldkornet Visser).
Leyds-Archief:709(5): 27/10/99. (Ibid.)

45). Leyds-Archief:709(5). 27/10/99. (Telegram van Visser, Vryburg, aan Cronje, Rietfontein).

steeds aan die gang. Op die 27ste Oktober is byna niks uitgerig nie, omdat die weer te ongunstig was. Die volgende dag sou Cronje die laer 'n bietjie nader trek om uit die modderplek te kom. Hy was nog altyd besig om nader aan die Engelse kamp posisie in te neem om sodoende 'n nouer insluiting te bewerkstellig.[46]

Die kommando's rondom Mafeking het nie juis beslis aanvallend opgetree nie. Die vyand was vasgekeer en daarmee was die grootste taak afgehandel. Dit lyk asof die Boere meer begaan was om die vyand te belet om uit die verskanste stellings te kom, as om self die vyand se sterkte binne te gaan en hulle tot oorgawe te dwing. Hierdie treurige tydverspilling het dag na dag voortgegaan sodat die beleg met reg 'n klugspel geword het.[47]

Generaal De la Rey het ook nie veel te Kimberley uitgerig nie. Op 28 Oktober het hy hom by Graspan, naby Veertienstrome, bevind. Hy was van plan om gedurende die volgende dae by die Vrystaatse kommando's aan te sluit. Voordat hy Taungs verlaat het, het hy die eiendomme van privaatpersone onder beskerming van die vriendskaplike naturelle-opperhoof, Malala, gelaat. Aan veldkornet Visser het hy opdrag gegee om dadelik by hom aan te sluit. By Vryburg moes/.....

---

46). K.G.333(8): 27/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die Staatspresident);
L.S. Amery: "The Times History". vol.111, bls.269.

47). Louis Creswicke: "South Africa and the Transvaal War." bls. 61, vol.11.
Op 21 Okt. het Kolonel Baden-Powell die bombardement van die Boere as volg beskryf:- "All well. Four hours' bombardment. One dog killed."
Kolonel Baden-Powell het sover gegaan om genl Cronje spottend op 'n Saterdagmiddag uit te nooi om die Sondag by hom die middagete te geniet. Hy waarborg sy veiligheid. Hy voeg daarby dat die uitnodiging gestuur word slegs om die eentonigheid van die lewe te versag en draagliker te maak deur persoonlike omgang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes hy 'n assistent met 25 man agterlaat om 'n wakende oog te hou.[48)]

Die bevelvoerende offisier te Mafeking het Cronje baie las met sy rooikruishospitale veroorsaak. Onder die dekmantel van die rooikruis het hy beskerming aan sy soldate verleen. Die regering het Cronje gelas om 'n einde hieraan te maak. Baden-Powell moes binne 'n bepaalde tyd 'n bepaalde gebou of lokaliteit deurmiddel van 'n witvlag of rooikruis vir hierdie doel aanwys. Indien hy ander plekke so voorstel, kon Cronje, as hy daarvan seker was, dit bombardeer. Deur hierdie optrede was die taktiek van die Engelse die nek ingeslaan.[49)]

Op 30 Oktober het Cronje nog 'n poging aangewend om Mafeking in te neem, maar sonder sukses. Die krygsraad het vergader en 'n besluit geneem om die beleg so spoedig moontlik te beëindig omdat die tyd baie kosbaar was.[50)]

Die volgende dag het genl. Snyman hom met Cronje verenig. Aan die oostekant van Mafeking het die Maricolaer met twee veldkornette van die Potchefstroomkommando 'n fort van die vyand ingeneem. "Long Tom" moes na 'n ander plek verplaas word. Mafeking moes teen die end van die week ingeneem word. Kanonkoppie wat 1,500 tree suidoos van die dorp geleë was, moes eerste ingeneem word. Die bombardement sou dieselfde dag begin word, terwyl 50 man die fort vanaf die suidekant sou bestorm. Die burgers het tot op 'n afstand/.....

---

48). Leyds-Archief:709(6): 28/10/99. (Telegram van genl. De la Rey aan genl. Cronje).
K.G.333(9): 28/10/99. (Ibid.)
49). K.G.333(9): 29/10/99. (Telegram van Wnd.Komdt.-Genl. Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein).
50). K.G.333(9): 30/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afstand van ongeveer 3oo tree gestorm, maar omdat die mak-simvuur so hewig was, was hulle verplig om die veiligheid van hulle eie stellings op te soek.[51)]

Teen die end van Oktober het die regering weer 'n beroep op Cronje gedoen om versterking na die ander gevegsfronte te stuur. Cronje wou nie van sy manskappe te Mafeking afstaan nie en het aan die hand gedoen dat 650 burgers van die noordelike kommando's wat onder generaal du Plessis te Derdepoort, distrik Marico, saamgetrek was om die noordelike distrikte van die Transvaal onder bewaking te hou, vir hierdie doel gebruik kon word. Tot dusver het hierdie burgers nog nie aan gevegte deelgeneem nie.[52)]

Dit herinner aan die dae van Potchefstroom in 1880 en 1881. Cronje voer nie die bevele van die regering uit nie en vertraag op hierdie manier vroegtydige optrede teen die aankomende Engelse magte vanuit die Kaapkolonie.

Behalwe dat Cronje vir die beleg van Mafeking verantwoordelik was, moes hy die bewegings van De la Rey te Kimberley en veldkornet Visser te Vryburg beheer en in die nouste verbinding met beide offisiere bly. Van hulle kant het hy steeds moeilikheid gehad. Visser het van beide generaals bevele ontvang en van hierdie geleentheid gebruik gemaak om geen bevele deur te voer nie onder die voorwendsel dat hy nie presies geweet het wat om te doen nie en altyd eers op verdere instruksies van Cronje gewag het. Op 1 November het die Bechuanalanders by sy kommando aangesluit. ....

---

51). K.G.333(10): 31/10/99. (Telegram van genl. Cronje, Rietfontein aan Staatssekr., Pretoria).
P.S.Lombard: Uit die dagboek van 'n Wildeboer", bls.23.
52). Leyds-Archief:709(6): 31/10/99. (Telegram van genl. Cronje aan die komdt.-genl., Pretoria.
K.G.334(1): 1/10/99. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangesluit, maar omdat hy geen wapens tot hulle beskikking kon stel nie, het hy vir Cronje gevra om hom die nodige wapens en ammunisie toe te stuur.[53] Verder kla hy dat die vrywilligers en grenspolisie daar aangekom het en baie brutaal en onbeleef teenoor die Bechuanalanders was.[54] Nog 'n beswaar wat hy by Cronje ingedien het, was dat sekere persone in Bechuanaland rondgegaan het om goedgesinde boere afvallig te maak deur hulle name neer te skryf en vir hulle sekere dreiemente voor te hou. Hy verwag dat Cronje sonder versuim teen genoemde persone moes optree.[55]

Op 4 November het Cronje verlof gegee om die Bechuanalanders op te kommandeer. Dieselfde dag het hy 'n hewige geveg te Mafeking gelewer. Die vyand is teruggeslaan. Weereens is besluit om die dorp van alkante aan te val en die regering is versoek om drie kanonne aan te stuur sodat die uitwerking doeltreffender kon wees.[56] "Long Tom" is na die oostekant verplaas en op dieselfde dag is vyftien bomme in die dorp gewerp.[57]

Visser was net gereed om na Kuruman te vertrek toe hy De la Rey se instruksies om na Kimberley te kom, ontvang het. Visser het stilgesit om bevele hieromtrent van Cronje te ontvang. Cronje het by sy besluite gebly en Visser moes na Kuruman gaan om die sake daar te reël. Daarna moes hy na Vryburg om op verdere bevele van Cronje te wag.[58]

Della Rey het/...

53). Leyds-Archief: 710(1): 1/11/99. (Telegram van veldkornet Visser aan genl. Cronje, Rietfontein)
54). K.G.334(3): 4/11/99. (Ibid.)
55). Leyds-Archief: 710(1): 3/11/99. (Telegram van veldkornet Visser Vryburg, aan genl.Cronje, Rietfontein.)
56). K.G.334(3): 4/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan die regering te Pretoria.
57). Leyds-Archief: 710(2): 7/11/99. (Telegram van genl.Cronje aan staat sekr. Pretoria);
K.G.334(5): 7/11/99. (Telegram van genl.Cronje aan die regering te Pretoria).
58). Leyds-Archief: [illegible] (Telegram van genl.Cronje

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



De la Rey het hierteen beswaar gemaak. Hy het dit oorbodig beskou dat Visser langer daar moes bly omdat daar reeds 'n vrederegter aangestel is. Cronje het De la Rey daarop gewys dat sy bevele gehoorsaam moes word. Hierdie onnodige dwarstrekkery bewys dat die verhouding tussen die twee generaals gespanne was; van samewerking was daar weinig sprake.[59)]

Rondom Mafeking het genl. Cronje nog ongeveer 3,000[60)] burgers vir die beleg aangehou. Aan die bokant van die dorp is 'n aanvang gemaak met die bou van 'n fort. Om 3-uur die nag van 7 Nov. het genl. Snyman aan die noordekant van die dorp 'n aanval gemaak en met sy grofgeskut groot skade aangerig. Cronje het sy taktiek van nouer insluiting volgehou[61)] en meer tyd verspil met die aanbou van forte. Die regering het ingesien dat die beleg van Mafeking geen vrugte afgewerp het nie en tot die besef gekom dat dit dringend noodsaaklik was om meer manskappe as versterking na die Vrystaatse grens te stuur. Cronje het hardkoppigheid en eiewysheid aan die dag gelê en geweier om van sy manskappe rondom Mafeking vry te laat. Omdat dit 'n kaal vlakte is waar hy die Engelse beveg het, het hy nie sy weg oop gesien om meer burgers vry te stel nie. Hy was gewillig om 200 man te Vryburg vir hierdie doel af te staan.[62)]

Cronje het andermaal sy kans laat verbygaan om die verlore/...

---

59). Leyds-Archief:710(3): 8/11/99. (Telegram van genl. Cronje aan genl. De la Rey).
60). Leyds-Archief:710(3): 8/11/99. (Telegram van genl.Cronje aan Staatssekret. Pretoria.)
61). K.G.334(8): 11/11/99. (Telegram van genl. Cronje,Rietfontein, aan die komdt.genl., Pretoria.)
62). Leyds-Archief:710(4): 11/11/99.(Telegram van genl.Cronje aan Staatssekretaris. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verlore tyd in te haal. Vir die nuwe krygstaktiek was hy nie opgewasse nie. Hy kon die gevolge van sy onaktiwiteit nie insien nie. Nog nie gewoond aan die aanvalskrygskuns nie, het hy dit van groter waarde geag om met die beleg aan te hou totdat die Engelse verplig was om oor te gee.

Op 13 November het hy gerapporteer dat hy nie seker is wanneer alles te Mafeking op 'n end sou kom nie. Forte word nog gedurig nader gebou. Omdat hy gehoor het dat daar 'n groot Britse troepemag in die rigting van die Oranjerivier in aantog was, het hy dit nodig geag om sy sienswyse bekend te maak. As daar meer manskappe ten weste van Kimberley benodig word om die vyand naby die rivier te keer, moes De la Rey 1,000 of 1,500 man te Kimberley laat bly om die deurtog daar te belet. Al die walaers naby Kimberley, behalwe een, moes teruggetrek word. Die agterblywende walaer moes so getrek word dat dit deur weinig burgers verdedig kon word. Die burgers om die dorp moes so los as moontlik gehou word sodat hulle gereed kon wees om op enige punt aan te val. Van Mafeking sou hy 'n veldkornet met 'n paar honderd burgers as versterking stuur.63)

Dieselfde dag het De la Rey getelegrafeer dat sy laer na aan die Waterwerke, ongeveer ses myl van Kaffersdam af, posisie ingeneem het. Hy gehoorsaam Cronje se bevele nie. Dit is vir hom onmoontlik om sy laers terug te trek want dit sou die vyand moed inboesem. Sodra die Britse troepe by die Oranjerivier aankom, sou hy probeer om die Vrystaters hulp te verleen. Cronje moes hom 'n kruppkanon of twee ander veldstukke stuur om vir die aanval gereed te wees.64)

De la Rey/......

---

63). K.G.335(1): 13/11/99. (Telegram van genl. Cronje, Rietfontein aan genl. De la Rey, Kimberley).

64). K.G.335(1): 13/11/99. (Ibid.)

De la Rey het hom aanvanklik met dieselfde krygs taktiek as genl. Cronje bedien. Hy het stelling rondom Kimberley ingeneem en die vyand hier ingewag. Sodra die Engelse by die Oranjerivier aankom, nie voor die tyd nie sou die Vrystaters versterking gestuur word. Die vyand word nie vroegtydig tegemoet gery, in oop gevegte of flank-aanvalle verslaan nie. Om genl. Cronje alleen as 'n nie-aanvallende generaal te beskryf, sou nie regverdig wees nie. As die onderoffisiere Cronje se bevele uitgevoer het, sou die vooruitgang van die Engelse mag vroegtydig gestuit gewees het en sou die inval in die Oranje-Vrystaat met die latere noodlottige gevolge vir die Boerestrydkragte miskien verhoed kon word.

---

Die beleg van Mafeking het op 'n eentonige manier voortgegaan en baie kosbare tyd verkwis. Die gerugte dat groot Britse troepemagte uit die Kaapkolonie na die Oranjerivier in aantog was, het die regering genoodsaak om beslis op te tree. Op 17 November is Cronje getelegrafeer dat dit nou duidelik geword het dat die stryd in die Kaap-kolonie en Natal uitgeveg moes word. Daarom het die regering besluit dat van die noordelike kommando's onder genl. Grobler daar 400 man by Zoutpansberg, 400 bokant Waterberg en 400 tussen Matlabas en Moggoll geplaas moes word. Die kommando's moes gereeld die grens patrolleer [illegible] by-staan as die vyand 'n inval maak. Die res van Grobler se kommando moes na die Oranjerivier vertrek.[65]

Wat/.....

---

65). R.807/99 in SSa.349: 17/11/99. (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein).
Vgl. Eie-versameling, blse. 1 tot 4; Leyds-Archief: 738: 17/11/99. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Kapt. Sarel Eloff.*
—(Foto uit Penning.)



*Genl. Jacobus (Kootjie) Snyman.*
—(Foto uit Penning.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat Cronje se eie kommando's betref, het die regering hom versoek om ongeveer 100 man by Derdepoort en 500 man te Gaberonnes, Bechuanaland, te laat om die Engelse wat moontlik met die naturelle-opperhoof Gama se volk kon verenig, te keer as hulle met die spoor langs sou kom. Die twee kommando's moes met die kommando's van Zoutpansberg, Waterberg en die van genl. Snyman te Mafeking in voeling bly sodat hulle mekaar wedersyds in tyd van nood kon bystaan. By Mafeking moes hy 1,500 man agterlaat om die beleg voort te sit. As die Engelse met 'n groot mag te Gaberonnes saamtrek, moes hulle daar gaan help. Met die res van sy manskappe moes hy so gou as moontlik na die Oranjerivier vertrek. President Steyn is geraadpleeg en hy het aangeraai dat die burgers per trein tot by Edenburg in die Oranje-Vrystaat moes reis. Daarvandaan kon hulle langs 'n maklike weg oor Fauresmith na Belmont en Oranjerivierbrug gaan. Al die agtergeblewe burgers moes dadelik opgekommandeer word. Dit sou beter wees as die Bloemhofburgers sommer direk na generaal De la Rey kon vertrek.[66)]

Dit sou raadsaam wees dat Cronje sy berede mag met hom saamneem. Vir elke 25 man moes daar een wa en trekdiere beskikbaar gestel word, sodat hulle kos, beddegoed en voer vanaf Edenburg daarmee vervoer kon word. Die ander waens met die voetgangers moes agterna kom. Generaal Snyman moes in sy plek te Mafeking agterbly om die beleg voort te sit. As Cronje sy bestemming bereik het, moes hy sorg dra dat hy/.....

66). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99: (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje Rietfontein); Leyds-Archief:738: 17/11/99. (Ibid.)
Verder: Eie-versameling, blse. 1 tot 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy in gedurige kommunikasie met die Vrystaatse president en die offisiere verkeer. Die regering was begerig om te weet hoe die reëlings getref word en hoeveel manskappe Cronje met hom sou saamneem.67)

Cronje het geantwoord dat Mafeking nog nie wou oorgee nie. Wat die forte betref, verduidelik hy dat dit nie groot forte is nie, maar 'n hele aantal kleintjies sodat dit nie die moeite loon om hulle te bestook nie. Die Marico- en Rustenburgse burgers het hy by Mafeking agtergelaat terwyl hy die Potchefstroomkommando met hom saamgeneem het.68)

Cronje het die Landdros van Bloemhof gelas om toe te sien dat die opgekommandeerde burgers in sy distrik so gou moontlik na generaal De la Rey gestuur word. Hulle moes te Veertienstrome by die burgers van Lichtenburg en Wolmaransstad aansluit. Hyself sou die volgende dag met sy kommando na Klerksdorp vertrek om daarvandaan per trein na Edenburg en na die gevegsfront aangevoer te word.69)

Met meer as 6,000 burgers het generaal Cronje vir byna 'n maand rondom Mafeking gelê sonder om die beleg suksesvol deur te voer. Kosbare tyd het hier verlore gegaan en Cronje het min van sy tyd en kanse gebruik gemaak om te toon dat hy 'n eersterangse krygsman was. As hy 'n paar weke eerder die beleg aan genl. Snyman toevertrou het en

self/......

---

67). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99: (Telegram van die regering te Pretoria aan genl. Cronje, Rietfontein); Leyds-Archief: 738; 17/11/99. (Ibid.)
68). R.807/99 in SSa. 349: 17/11/99. (Ibid.)
69). R.807/99 in SSa. 349: (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

self na die Oranjerivier vertrek het, sou sake seer seker 'n ander wending geneem het. Mafeking was die eerste oorsaak van sy mislukte leierskap en uiteindelike roemlose oorgawe op die oewers van die Modderrivier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA